higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 2

(3011012)

22 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon alle berekeninge om punte te verdien.
5. Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) word teen 15% bereken.
6. Rond alle bedrae af tot TWEE desimale.
7. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAGNO.	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDSGIDS
AFDELING A			
1	Kortvrae	25	20 minute
2	Kortvrae	25	20 minute
AFDELING B			
3	Onderwerp 1	40	41 minute
4	Onderwerp 2	20	33 minute
5	Onderwerp 3	20	33 minute
6	Onderwerp 4	20	33 minute
	TOTAAL	150	180 minute

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ‘n Tjek wat ‘n datum vertoon wat later is as die datum waarop dit gedeponeer word, word ‘n … tjek genoem.

A verouderde stale
B vooruitgedateerde
C order-
D kontant-

1.1.2 ‘n Onderneming se inkomste, saam met sy bruto wins, verteenwoordig die … van ‘n onderneming.

A omset
B netto wins
C bruto wins
D bruto inkomste

1.1.3 … is ‘n rekeningkundige stelsel waar alle transaksies met die hand opgeteken word.

A Gerekenariseerde stelsel
B Sagteware
C Handstelsel
D Rekeningkundige optekenings

1.1.4 Die BTW-... is ‘n vorm wat deur die onderneming vir die SAID voltooi word as kennisgewing van verandering van belastingtydperk ten aansien van die indiening van ‘n opgawe.

A 202
B 201
C 204
D 101

1.1.5 ‘n Styging in die kosprys van ‘n item of diens staan bekend as ‘n …

A korting.
B prysverlaging.
C wins.
D prystoeslag.

1.1.6 ‘n Lening is ‘n … betaalbaar oor ‘n tydperk van 5, 10 of 20 jaar.

A bedryfslas
B langtermynlas
C niebedryfsbate
D korttermynlas

1.1.7 Netto wins wat nie onder die aandeelhouers verdeel word nie, maar teruggehou word vir investering, word … genoem.

A teruggehoue inkomste
B dividende.
C wins voor belasting.
D wins na belasting.

1.1.8 Uitgawes kan hetsy reëlmatig of onreëlmatig wees.

Watter EEN van die volgende is ‘n voorbeeld van ‘n onreëlmatige uitgawe?

A Instandhouding
B Telefoon
C Huuruitgawe
D Water en elektrisiteit

1.1.9 Die verkies van voorraad wat aan faktore soos winkeldiefstal toegeskryf kan word, staan bekend as …

A krimping.
B voorraadverlies.
C verouderde voorraad.
D voorraadrotasie.

1.1.10 ‘n Metode waardeur ‘n bedrag geld in ‘n kleinkaskissie geplaas word en tot sy oorspronklike waarde herstel word wanneer die saldo amper nul is, word … genoem.

A stelsel van wisselende saldo.
B die kleinkasbewys.
C die imprest-stelsel.
D kleinkasjoernaal.

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 ‘n Onderneming met ‘n omset van minder as R300 000 kan vrywillig as ‘n BTW-handelaar registreer.

1.2.2 Een van die voordele van elektroniese toerusting is dat dit duur kan wees.

1.2.3 Wanneer jy kontant in jou lopende rekening deponeer, kan jy rente-inkomste verdien.

1.2.4 Finansiële jaar is ‘n dertienmaande- rekeningkundige tydperk.

1.2.5 Kommissie-inkomste is ‘n fooi wat ontvang word uit ‘n verskeidenheid dienste wat die onderneming aanbied, wat die onderneming se wins verlaag.

1.2.6 Versekeringspremies is die bedrag wat ‘n onderneming gewoonlik elke maand aan ‘n versekeringsmaatskappy moet betaal om die waarde van goedere wat gesteel of beskadig is te dek.

1.2.7 Begunstigde verwys na die gelde wat banke hef vir die dienste wat hulle verskaf.

1.2.8 Die VAT 101-vorm dui die bedrag BTW aan wat terugbetaal is deur die SAID of aan die SAID betaalbaar is aan die einde van ‘n onderneming se belastingtydperk.

1.2.9 Geld wat in die onderneming inbetaal word, gewoonlik in die vorm van ‘n lening, in teenstelling met geld wat deur die onderneming verdien word, word rente genoem.

1.2.10 ‘n Masjien wat in winkels gebruik word om verkope op te teken en die geld wat ontvang word te bêre, word ‘n kasregister genoem.

1.2.11 Debietkaart: plastiekkaarte, gekoppel aan ‘n bankrekening, wat jou in staat stel om goedere op krediet te koop.

1.2.12 Dubbelinskrywingstelsel: ook bekend as die rekeningkundige beginsel, en bepaal dat daar ‘n gelyke kredietinskrywing vir elke debietinskrywing moet wees.

1.2.13 Die verlies van voorraad deur diefstal, brekasie en ander faktore word oorinkomste genoem.

1.2.14 ‘n Gedrukte instruksie vir die betaling van ‘n spesiale bedrag geld, wat deur banke en die poskantoor uitgereik word, word ‘n geldorder genoem.

1.2.15 Denominasie: die sigwaarde van ‘n banknoot of munt.

(15 × 1) (15)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Al die onderneming se dokumente moet vir ‘n tydperk van (drie/vyf) jaar gehou word, ingevolge SAID-regulasies.

2.1.2 Die standaardkoersitems/goedere in Suid-Afrika word teen (14%/15%) BTW belas.

2.1.3 Die (balansstaat/proefbalans) word opgestel op grond van die totale en saldo’s in die algemene grootboek.

2.1.4 ‘n BTW-(handelaar/smous) is ‘n onderneming wat by die SAID geregistreer is om BTW namens die SAID in te vorder.

2.1.5 Om voorraad- (gebruik/krimping) te bereken, moet jy die beginvoorraad en werklike voorraad in aanmerking neem.

2.1.6 ‘n Bank kontroleer ‘n onderneming se deposito’s en betalings en stuur dan aan die einde van elke maand ‘n (bank/tjek)-staat uit.

2.1.7 Die kontant- (betalings/ontvangste)-joernaal bevat die inligting oor geld wat van klante ontvang word in een boek.

2.1.8 (Winsvooruitskatting/Winsmotief) is ‘n raming van die onderneming se toekomstige winste.

2.1.9 ‘n Bevestiging/kopié dat betaling deur middel van ‘n tjek gedoen is, is ‘n (debietnota/tjekteenblad).

2.1.10 (Prysverhoging/Prysverlaging) is ‘n verlaging in die prys van ‘n bepaalde produk of diens.

2.1.11 Die prys van ‘n produk word as (BTW-inklusief)/BTW-eksklusief) beskou as die BTW-bedrag op die finale bedrag rekeningkundig verantwoord word.

2.1.12 BTW kategorie (A/C) is vir BTW-handelaars wat elke maand BTW-opgawes by die SAID indien.

2.1.13 (Laste/Eienaarsekwiteit) is die geld wat ‘n onderneming aan iemand anders skuld.

2.1.14 ‘n Boek wat ‘n onderneming se ontvangste en betalings toon, word ‘n (kasboek/kasontvangstejoernaal) genoem.

2.1.15 (Bedryfskapitaal/Aanvangskapitaal) is die geld wat ‘n onderneming benodig vir alledaagse uitgawes soos voorraad en bokoste.

(15 × 1) (15)

Kopiereg voorbehou

2.2 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	'n Voorbeeld van 'n nulkoersitem.	A	sakeplan
2.2.2	Verskaffers aan wie die onderneming geld skuld vir goedere en dienste wat dit gekoop het	B	depositoboek
		C	bedryfsuitgawes
		D	boekhouer
2.2.3	'n Dokument wat 'n sakeonderneming se doelwitte en finansiële strategie uiteensit	E	krediteure
		F	kleinkasbewys
2.2.4	Geld wat vir die onderneming se lopende/alledaagse uitgawes gebruik word	G	witbrood
		H	kredietterm
2.2.5	'n Gebinde boek wat dokumente (in tweevoud of drievoud) bevat vir die optekening van die besonderhede van bankdeposito's	I	lopende rekening
		J	inset-BTW
		K	Belasting op Toegevoegde Waarde
2.2.6	'n Ooreenkoms tussen 'n koper en verkoper wat 'n lys bevat van die tye en bedrae van betalings wat die koper in die toekoms sal doen	L	uitset-BTW
2.2.7	'n Brondokument wat gebruik word om klein kontanttransaksies op te teken		
2.2.8	'n Bankrekening waaruit geld onttrek kan word sonder om kennis te gee		
2.2.9	Die persoon in 'n onderneming wat 'n rekord hou van die feite en syfers met betrekking tot die onderneming se finansiële transaksies		
2.2.10	BTW wat die onderneming invorder vir goedere verkoop of dienste gelewer		

(10 × 1) (10)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Die balansstaat hier onder het 30 Junie 2021 in die boeke van Sandra Williams Traders verskyn. Bestudeer dit en beantwoord die vrae.

BALANSSTAAT VAN SANDRA WILLIAMS TRADERS OP 30 JUNIE 2021		
	AANTEKENING	**BEDRAG**
NIEBEDRYFSBATES		
Eiendom, Aanleg en Toerusting		45 000
BEDRYFSBATES		
Inventaris (Voorraad)		13 000
Handels- en ander debiteure		2 500
Kontant	**1**	21 900
TOTALE BATES		**82 400**
EKWITEIT EN LASTE		
Eienaarsekwiteit	**2**	?
NIEBEDRYFSLASTE		
Verbandlening: ASBA Bank		17 000
BEDRYFSLASTE		
Handels- en ander krediteure		14 400
TOTALE EKWITEIT EN LASTE		**82 400**

AANTEKENINGE:

1. KONTANT		**2. EIENAARSEKWITEITT**	
Bank	R18 500	Kapitaal	R41 150
Kleinkas	R1 500	Netto wins	R11 200
Los kontant	R1 900	Onttrekkings	R1 350

3.1.1 Bereken die waarde van eienaarsekwiteit van hierdie onderneming. Toon al jou berekeninge. (3)

3.1.2 Is ‘n wins of verlies deur die onderneming in die finansiële jaar gegenereer? Hoeveel? (2)

3.1.3 Bereken die totale bedryfsbates. (3)

3.1.4 Bepaal die winsvooruitskatting vir die jaar 2022 deur 12% by 2021 se wins te tel. (3)

3.1.5 Bereken die rente op die verbandlening vir 2021. Die verbandlening is op 1 September 2020 aangegaan, teen ‘n koers van 15%. (3)

3.1.6 Verduidelik kortliks wat los kontant is asook waarvoor dit gebruik word. (2)

3.2

KLEINSAKELENINGS TYDENS COVID-19

Klein Sakeondernemings en plase is erg getref deur beperkings, wat hul vermoë om bedryfskoste gedurende die Covid-19-krisis beperk het. Banke het ‘n belangrike ondersteunende rol gespeel, en die lenings wat tot hierdie firmas se beskikking was aanmerklik uitgebrei gedurende die eerste maande van die krisis. Die toename in lenings het gepaardgegaan met kleinsakedeelname aan die Paycheck Protection Program (PPP) en bankgebruik van die PPP Likiditeitfasiliteit. ‘n Ontleding van data vir die eerste helfte van 2020 dui daarop dat hierdie programme suksesvol was om leningsgroei gedurende die krisis te ondersteun, veral onder klein banke.

3.2.1 Wat is die voordele daarvan om ‘n besigheidsbankrekening te hê? Noem TWEE voordele. (2 × 2) (4)

3.2.2 Gee DRIE besonderhede/tipes inligting wat in ‘n bankstaat aangetref word. (3)

3.2.3 Onderskei tussen *stoporder* en *debietorder.* (4)

3.3 Dui die korrekte brondokument en sy hulpjoernaal aan vir die transaksies wat hier onder gegee word:

DATUM	TRANSAKSIES	BRONDOKUMENT	HULPJOERNAAL
02/03/2021	Victor bring beskadigde strykyster terug op krediet gekoop vir R230.	3.3.1	3.3.2
03/03/2021	Kontantverkope van goedere vir R500.	3.3.3	KOJ
05/03/2021	Koop ‘n nuwe rekenaar vir R4 500 per tjek.	3.3.4	3.3.5
06/03/2021	Manase vat skryfbehoeftes huis toe vir persoonlike gebruik.	Interne kantoormemo	3.3.6

(6)

3.4 ‘n Kontantvloeistaat is ‘n finansiële staat wat totale data verskaf van alle kontantinvloeie wat ‘n onderneming uit sy deurlopende bedrywighede en eksterne beleggingsbronne ontvang.

Gee DRIE aktiwiteite van ‘n kontantvloeistaat. (3)

3.5 Wat is die doel van die inkomstestaat? (2)

3.6 Watter elemente benodig jy om die bruto wins te bereken? Noem TWEE elemente. (2)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Majozi Traders is ‘n onderneming wat rottangstoele ontvang en maak. Majozi Traders het een werker in diens, wat R1 800 in lone per maand ontvang. Die winkel se huurgeld is R1 200 per maand. Majozi Traders verkoop gemiddeld 50 stoele elke maand. Majozi Traders koop die stoele teen R120 elk. Majozi Traders wil ‘n wins van 40% maak.

4.1.1 Bereken die kosprys en die verkoopprys van elke rottangstoel. (8)

4.1.2 ‘n Produk se verkoopprys word deur die koste van verskillende faktore beïnvloed.

Hoe kan Majozi Traders die prys van die rottangstoele verminder? Gee EWN voorbeeld. (2)

4.2 Majozi Traders gee ‘n 2%-afslag op alle kontantverkope. Hulle kontantverkope in Junie 2021 het R45 000 bedra.

4.2.1 Bereken die totale afslag (korting) wat hulle hul klante gee, asook die bedrag ná die afslag. (4)

4.2.2 Gee EEN moontlike rede waarom hulle afslag op kontantverkope gee. (2)

4.3 Majozi Traders het goedere van R9 560, wat BTW-inklusief was, aan sy klante op 02 Oktober 2021 verkoop.

Bereken die bedrag van die goedere voor BTW asook die BTW-bedrag. (4)
[20]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer en voltooi die tjek vir Smith Traders op grond van die volgende inligting en beantwoord die vrae.

Datum: 05 November 2020
Betaal aan: Wayne Mlambo
Bedrag: R2 908
Handtekening:

5.1.1 Voltooi die tjek op grond van die inligting wat hier bo gegee word op die ANTWOORDBLAD (aangeheg). (6)

5.1.2 Identifiseer die trekker, betrokkene en begunstigde op die bogenoemde tjek. (3)

5.2 Smith Traders hou ‘n kleinkasjoernaal vir klein betalings en gebruik die imprest-stelsel. Op 03 Mei 2021 is ‘n kontanttjek van R550 uitgereik om die kleinkas te begin. Die volgende transaksies het in Mei 2021 plaasgevind.

KLEINKASJOERNAAL VAN SMITH TRADERS MEI 2021								
						Diverse rekening		
Dok	**Datum**	**Besonderhede**	**Fol.**	**Kleinkas**	**Skryfbehoeftes**	**Bedrag**	**Fol.**	**Besonderhede**
2	04/05	CNA		54		54		seël
3	15/05	penne		115	115			
4	29/05	potlode		88	88			

Gebruik die inligting wat hier bo verskaf word om die keinkasrekening op grond van die imprest-stelsel vir Smith Traders op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) te voltooi. (6)

5.3 Noem DRIE maniere waarop geld in ‘n onderneming veilig bewaar kan word. (3)

5.4 Wanneer jy geld in die bank deponeer met ‘n depositostrokie, is daar belangrike inligting wat jy op die depositostrokie more voltooi/insluit.

Gee slegs TWEE voorbeelde van inligting wat jy op ‘n depositostrokie sal aandui. (2)
[20]

VRAAG 6

6.1 Die volgende inligting is onttrek uit die inkomstestaat van Chisa Nyama Eating House vir 2021 en 2022.

	2021	**2022**
Verkope	55 300	72 500
Beginvoorraad (01/01/2022)	28 000	35 000
Aankope	12 000	17 000
Eindvoorraad (31/01/2022)	16 500	19 000
Bruto wins	?	?
Uitgawes	21 600	19 955
Netto wins	?	?

6.1.1 Bereken die koste van verkope vir 2021 en 2022. (8)

6.1.2 Bereken die bruto wins vir 2021 en 2022. (4)

6.1.3 Bereken die netto wins vir 2021 en 2022. (4)

6.2 Verduidelik krimping kortliks en noem TWEE metodes wat ondernemings gebruik om krimping te verminder. (4)
(2 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 5

5.1 5.1.1

MDD BANK 452-215
4240 Buffalo straat
Lehae
1420

Date
Datum _____

Pay
Betaal _____ or Bearer
of Toonder

The sum of
Die bedrag van _____

R

_____ for/vir

_____

:113452: :234783: :034635:

(6)

5.2

Kleinkasrekening							
Datum	**Besonderhede**	**Fol.**	**Bedrag**	**Datum**	**Besonderhede**	**Fol.**	**Bedrag**

(6)

Kopiereg voorbehou